# Gemaak vir meer liefde

**Louis Du Piesanie 10/02/2019**

## 1. ONS IS GEROEP VIR MEER LIEFDE

**Efesiërs 1:22-23 "en Hy (God) het alle dinge onder sy (Jesus) voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."**

**Mattheus 4:19 "Kom volg my, en ek sal julle vissers van mense maak."**

**Johannes 20:21 "Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook."**

**Jesaja 6:8 "Hier is ek, stuur my."**

**Efesiërs 2: 8-10 (AFR83) "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."**

**1.1.** Ons is nie net geroep om kerk toe te KOM, te SIEN wat by die kerk gebeur en daar te BLY nie.

**1.2.** Ons is geroep om te WEES, DOEN en GAAN.

- **WEES** – Geskep/vakmanskap: **Wie** is ek gemaak om te wees? 'N **seun** van God en 'n **dissipel** van Jesus.
- **DOEN** – goeie werk: **Wat** is ek geroep om te doen? Kern missie is **om dissipels** te maak.
- **GAAN** – bestemming: **Waarna** toe is ek geroep om te gaan? Kern posisie is om te gaan na geleenthede **waar ons leef, werk en speel**.

## 2. ONS PRIMÊRE ROEPING:

**2.1.** Is om 'n **Seun** van 'n **liefdevolle Pa** en 'n **dissipel** (vakleerling) van Jesus te wees.

**2.2.** En om te gaan **dissipels** maak.

## 3. DIE 5 B'S

**1 Peter 2:4-5 "As you come to him, the living Stone—rejected by humans but chosen by God and precious to him— 5 you also, like living stones, are being built into a spiritual house to be a holy priesthood, offering spiritual sacrifices acceptable to God through Jesus Christ."**

**3.1.** Die 5 B's vorm deel van WEES, DOEN en GAAN:

- BELEEF - WEES
- BEHOORT - WEES
- BEMAGTIG - WEES
- BEDIEN - DOEN
- BEÏNVLOED - GAAN

## Gesprek Gits

## Gemaak vir meer Liefde

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Weet jy wie jy gemaak is om te wees?
2. Glo jy dat jy geroep is om iets te doen?
3. Leef jy jou Christenskap net by die kerk uit of leef jy dit uit oral waar jy gaan?